WESKUS DISTRIKRAAD
WEST COAST DISTRICT COUNCIL

✓ Faxed to Boel; fred ..... 19/08/97

Rig alle korrespondensie aan :
Address all correspondence to :

HOOF-UITVOERENDE BEAMPTE/
CHIEF EXECUTIVE OFFICER

Posbus 242
MOORREESBURG 7310

Telefoon (0264) 3-2380
Fax Nr. (0264) 3-2172

Navrae/*Enquiries* : Mnr E Oosthuizen
Verw.Nr./*Ref.No.*: 13/2/2/145

18 Augustus 1997

**PER GEREGISTREERDE POS**

**VIR AANDAG:** MNR S VAN DER WESTHUIZEN

Setplan
Posbus 3405
KAAPSTAD
8000

Geagte Meneer

**HERSONERING : RESTANT VAN GEDEELTE 8 EN 9 VAN DIE PLAAS VLEDERMUISDRIFT NO 398 EN GEDEELTE 2 EN DIE RESTANT VAN GEDEELTE 2 VAN DIE PLAAS VOGELSTRUISDRIFT No 335 (BRIDGETOWN STEENGROEF)**

Hiermee u in kennis te stel dat hierdie Raad ingevolge Artikel 17(2)(d) van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) op 13 Augustus 1997 besluit het om die aansoek om die hersonering van die restant van gedeeltes 8 en 9 van die plaas Vledermuisdrift no 398 en gedeelte 2 en die restant van gedeelte 2 van die plaas Vogelstruisdrift No 335 van Landbousone I na Nywerheidsone III (mynbou), goed te keur onderhewig aan die volgende voorwaardes, naamlik dat

1. die gebied wat hersoneer word na Nywerheidsone III (Mynbou) beperk word tot die area van 156,4 ha soos aangetoon op plan C;

2. voldoen word aan die Nasionale Bouregulasies en dat aan die gesondheidsvereistes van hierdie Raad se Gesondheidsdepartement voldoen word, naamlik:
   2.1 voldoende sanitêre geriewe, was- en kleedgeriewe (insluitend vir besoekers) moet op perseel voorsien word;

   2.2 geskikte rioolbeskikkingstelsel tot bevrediging van hierdie Raad moet aangebring word;

2/...

2.3 voldoende, gesuiwerde water moet ten alle tye vir werkers, besoekers en ander personeel beskikbaar wees;

3. 'n permit vir die ontginning van die erts by die Departement van Mineraal en Energiesake verkry word;

4. die voorwaardes waaraan hierdie hersonering onderworpe is na die Departement Mineraal en Energiesake deurgegee word sodat dit in die Omgewingsbestuurs en Rehabilitasie program ingesluit kan word wat ingevolge die Mineraalwet (Wet 50 van 1991) goedgekeur word;

5. die aansoeker/eienaar van die steengroewe alle aksies en bestuursmaatreëls met betrekking tot maatreëls voorgestel om die omgewingsinvloed van die voorgestelde mynboubedrywighede soos uiteengesit in die finale Omgewings Bestuursverslag (OPBV) soos goedgekeur deur die Departement Mineraal en Energiesake, ingesluit die monitering en Rehabilitasie van die groewe, nakom;

6. die voorstelle van die WNNR se afdeling "Environmentek" met betrekking tot stof soos uiteengesit in skrywe gedateer 5 Augustus 1997 aan voldoen word en dat die voorstelle ook binne die finale Omgewings Bestuursverslag ingeskryf word.

7. die aansoeker voldoen aan die stappe om stof te bekamp soos onderneem in Settlement Planning Services se skrywe 2052 (B) gedateer 19 Junie 1997 aan J D Kirsten Trust;

8 geen kalkoond(e) op die betrokke persele opgerig mag word nie;

9. ten einde die effek van skietwerk met plofstof te verminder, moet skietwerk so ver moontlik

- op bepaalde en gereelde tye van die dag uitgevoer word; en
- geen skietwerk mag onder temperatuur inversie toestande of baie lae wolk toestande uitgevoer word nie.

10. indien die aansoeker/eienaar na normale aanvaarbare werksure mynbou en gepaardgaande aktiwiteite onderneem, (insluitend die aflaai van materiaal by Moorreesburg Stasie) moet hy verseker dat geraasvlakke nie die vlakke vir na-ure werk soos voorgeskryf deur die SABS, oorskry nie. Indien 'n beswaar met betrekking tot onaanvaarbare geraasvlakke ontvang word, sal alle na-ure werk gestaak word totdat die aansoeker/eienaar toetse om geraasvlakke te monitor, uitgevoer het om te bewys dat geraas wat na-ure gegenereer word, binne aanvaarbare vlakke is;

11. die aansoeker/steengroef eienaar in die toekoms op eie koste sal deel neem aan enige rehabilitasie program van die omgewing waar ontginning sal plaasvind, insluitend die Bergrivier, soos nodig mag wees in die toekoms;

12. geraasonderdrukkende (knaldemping) stelsels op kompressors monteer word, grondwalle langs kompressors gemaak word en knaldemping op die boor gemonteer word en dat kompressors sodanig geplaas word dat geraasvlakke so ver moontlik verminder word. Alle ander geraasvlakke moet binne SABS voorgeskrewe geraasvlakke val en gekontroleer word;

3/...

13. 'n stel ontwikkelingsplanne wat duidelik die integrasie van die steengroewe met die Bergrivier en aanliggende omgewing nadat mynboubedrywighede op die terrein gestaak is, aantoon, by hierdie Raad vir goedkeuring ingedien word. Sodanige planne moet ook ingesluit word binne die Omgewings Bestuurs en Rehabilitasie program voor goedkeuring van die mynpermit;

14. 'n volledige Botaniese opname deur 'n kundige persoon op die betrokke geaffekteerde gebiede uitgevoer word en dat voldoen word aan die voorstelle wat voortspruit uit sodanige ondersoek tot bevrediging van Kaaplandse Natuurbewaring en die Botaniese Vereniging van Suid-Afrika. Skaars en bedreigde spesies moet sover moontlik beskerm word deur dit te hervestig onder leiding van kundige persone en om te verhoed dat enige grond daarop opgehoop word, moet sodanige plantspesies omhein word;

15. die goedkeuring van Kaapse Natuurbewaring vir die hersoneringsaansoek verkry word en dat voldoen word aan die voorwaardes soos neergelê mag word deur Kaapse Natuurbewaring;

16. voldoen word aan die voorwaardes soos neergelê deur die Provinsiale Administrasie Weskaap se Hoofdirektoraat Vervoer soos uiteengesit in skrywe, verwysingsnommer R/P/R18/25/4/125 gedateer 28 Julie 1997;

17 voldoen word aan die onderneming van Settlement Planning Services aan die Provinsiale Departement van Vervoer en Publieke Werke soos uiteengesit in skrywe, verwysingsnommer 2052(B) gedateer 24 Julie 1997, met die uitsondering van Afdelingspad 1170 wat van 'n permanente oppervlakte voorsien moet word;

18. voldoen word aan die voorwaardes soos gestel deur die Departement Waterwese en Bosbou soos uiteengesit in skrywe, verwysingsnommer G100/A/8 gedateer 17 Julie 1997;

19. voldoen word aan die voorwaardes van die Provinsiale Departement van Gesondheid soos uiteengesit in skrywe gedateer 14 Julie 1997;

20. voldoen word aan die vereistes soos gestel in die skrywe verwysingsnommer 9/2/112/0001 gedateer 8 Mei 1997 van die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede;

21. voldoen word aan die vereistes soos gestel deur die Moorreesburg Munisipaliteit in skrywe verwysingsnommer 16/3/9 gedateer 6 Augustus 1997 voordat mynboubedrywighede 'n aanvang neem;

22. 'n moniteringskomitee deur die aansoeker saamgestel sal word waarop alle belangegroepe, naamlik die aanliggende grondeienaars, die aansoeker, Moorreesburg Munisipaliteit, boereverenigings, hierdie Raad en sleutel Staatsdepartemente en Instansies verteenwoordig word om die impakte van die voorgestelde mynboubedrywighede op 'n deurlopende basis te monitor;

23. die nodige maatreëls getref word om toeriste en gebruikers van die Bergrivier soos boot en kanovaarders te waarsku van mynboubedrywighede in die omgewing, swaar vragmotorverkeer en tye wanneer skietwerk met plofstof uitgevoer sal word;

24. Afdelingspad 1161, vanaf die bestaande teer gedeelte, geteer word tot by die aansluiting van Afdelingspad 1170 en dat Afdelingspad 1170 in sy geheel van 'n teeroppervalkte voorsien word tot waar die toegangspad na die myn daarby aansluit, tot bevrediging van die Raad se Departement Tegniese Dienste;

4/...

25 voldoen word aan die onderneming van ISCOR soos uiteengesit in skrywe verwysingsnommer 97-JFVDCO 157/EW gedateer 11 Augustus 1997 aan Moorreesburg Munisipaliteit en dat verdere onderhandeling tussen ISCOR en Moorreesburg geskied indien nodig blyk;

26. die bevindinge van die Omgewingsbestuurder van Spoornet soos bevind tydens die omgewingsimpakstudie waarvan gemeld word in Settlement Planning Services se skrywe verwysingsnommer 2052 (B) gedateer 12 Augustus 1997 aan Moorreesburg Munisipaliteit, deur Moorreesburg Munisipaliteit evalueer en goedgekeur word en dat sodanige bevindinge tesame met die toepaslike maatreëls met betrekking tot stof- en geraasbekamping deur die aangestelde vervoerkontrakteur (soos aangestel deur Spoornet) aanvaar word en in die detail terreinontwikkelingsplanne vir die oorlaaipunt te Moorreesburg Stasie, ingebou word tot bevrediging van Moorreesburg Munisipaliteit;

27. alle geboue en aktiwiteite op die betrokke eiendomme op sodanige afstand vanaf die eiendomsgrense aanliggend tot die westelike oewer van die Bergrivier opgerig/beoefen word dat genoegsame ruimte beskikbaar is tot bevrediging van hierdie Raad se Departement Watervoorsiening en die Departement Waterwese en Bosbou, sodat slik, gegenereer uit die verwerkingsprosesse, bevredigend opgevang en hanteer kan word;

28. dat hierdie Raad van die finale Omgewings Bestuursverslag soos goedgekeur deur die Departement van Mineraal en Energiesake en 'n afskrif van die Mynpermit voorsien word.

U word daarop gewys dat u ingevolge Artikel 46 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) van 'n misdryf skuldig bevind kan word indien u nie aan bogenoemde voorwaardes voldoen nie.


U word ook verder daarop gewys dat u as 'n heffingspligtige by hierdie Raad moet registreer.

Die uwe

[signature]

C F GUNTER
HOOF-UITVOERENDE BEAMPTE

EO/mb




CADASTRALS

Property Boundary

SITE LAYOUT

Proposed activities as shown

EXISTING ZONING

Industrial Zone I (Mining) application approved 1992

All the rest is Agriculturally zoned. Note that the area coloured blue represents the area which has beenexpropriated by the state for the proposed extension of the Misverstand Dam.

PROPOSED ZONING

Proposed area to be zoned Industrial I (mining)

| Land | Owner | Area for rezoning |
|---|---|---|
| 335/2 | AM Burger | 27,9ha |
| 335/2(Rem) | AM Burger | 17,6ha |
| 398/9 | JA Smit | 45,1ha |
| 398/8 | JA Smit | 65,4ha |
| | | 156,4ha |

setplan SETTLEMENT PLANNING SERVICES
PO Box 3416 Cape Town 8000
Tel (021) 221596 Fax (021) 243490

LIME SALES LTD.
PO BOX 10 Moorreesburg 7310
Tel (021) 52 4301 Fax (021) 551 3161

BRIDGETOWN DOLOMITE QUARRY MOORREESBURG

DETAILED CADASTRAL DESCRIPTION & PROPOSED ZONING

NORTH | Date: Jan 1997 | Scale: 1:10 000 | Fig No: 2b

0 100 200 300 400 500m